NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

GESKIEDENIS: VRAESTEL II

NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur 200 punte

Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiserings-vergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.

Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende vertolkings mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.

IEB Copyright © 2021

Hierdie memoranda dien as riglyne.

AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING

VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING

1.1 *Gebruik jou eie kennis om te verduidelik hoekom swaar gewapende polisie in 1986 in die townships was.*

[VLAK 2]
- Noodtoestand is verklaar.
- Geweld het ontstaan namate protesaksie versprei het teen die gebrek aan hervorming en onderdrukkingsmetodes van die regering.
- Die Vaaldriehoek-opstand in reaksie op nuwe hervormings deur die regering het gelei tot die verklaring van 'n noodtoestand.
- ANC het ondersteuners opgeroep om Suid-Afrika onregeerbaar te maak, wat gelei het tot verskerpte protesoptrede en wat dikwels met regerings-geweld gepaard gegaan het.

[Enige toepaslike punt]

1.2 *Identifiseer die metode van protes wat deur die mense gebruik is wat die begrafnis bygewoon het. Ondersteun jou antwoord met EEN leidraad uit die foto.*

[VLAK 2]
- Metode: Vreedsame optog of nie-gewelddadige protes/ongewapende protes.
- Ondersteunende bewyse: almal loop vreedsaam/geen gewelddadige optrede word op die foto getoon nie. Geen aanduiding dat skare die gewapende polisie bedreig nie.

1.3 *Beskryf die atmosfeer in die foto. Ondersteun jou antwoord met TWEE leidrade uit die bron.*

[VLAK 4]
- Gespanne/nie-gewelddadig/uittartend/onrustig/vreesaanjaend. **(Enige toepaslike beskrywing)**
- Weermag of groot verdedigingsvoertuig en polisie- of SAW-voertuig in die Alexandra township.
- Begrafnisstoet lyk soos 'n optog.
- T-hemp van betoger verklaar ontban COSAS/ons sal voorwaarts marsjeer.
- Begrafnis het politieke simbole en dui dus daarop dat die dood aan politieke geweld gekoppel is.
- ANC-vlag wapper al is dit verbode.

[2 beskrywing + 4 bewyse]

IEB Copyright © 2021

1.4 *Op watter manier kon hierdie foto as propaganda deur die apartheidsregering gebruik word? Verduidelik jou antwoord met verwysing na die foto.*

[VLAK 6]

- Die regering kon dit gebruik om die uitdagende aard van protes (vlag en slagspreuke) aan te toon of om aan te toon dat daar protes in die townships was, en dat hul teenwoordigheid noodsaaklik was om kalmte en vrede te handhaaf.
- Die regering kon voorstel dat betogings vreedsaam gebly het, aangesien die polisie en die regering in die gemeenskap teenwoordig was, en dat die noodtoestand dus noodsaaklik was.
- Oorweeg toepaslike akkurate antwoorde.

[ENIGE EEN verduideliking wat stel hoe dit gebruik kon word met verwysing na die foto]

1.5 *Noem TWEE tekortkominge van foto's as historiese bewyse.*

[VLAK 2]

- Foto tydgebonde/slegs een beeld.
- Perspektief van die fotograaf.
- Konteks word nie altyd verstaan nie.
- Daar kan met foto's gepeuter word.
- Doel kan vooroordeel ten opsigte van foto skep.
- Kan nie vasstel wat buite die lens gebeur nie.

[Enige TWEE toepaslike waarnemings]

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2 TEKSTUELE BRONONTLEDING

2.1 Gebruik jou eie kennis om 'n reeks gebeure te verskaf wat daartoe gelei het dat Mobutu Seso Seko in 1965 "staatshoof met volle uitvoerende magte" geword het. Skryf DRIE omvattende punte neer.

[VLAK 1]

- Mobutu ontvang finansiële en militêre steun van sowel die VN as die VS voor sy eerste 'bloedlose' staatsgreep op 14 Sep 1960.
- Die CIA maak in 1959 kontak met Mobutu en verleen 'steun'.
- Larry Devlin, hoof van die CIA-stasie, probeer op aktiewe wyse Mobuto se guns wen.
- Op 30 Junie 1960 verkry Kongo onafhanklikheid van België en 'n demokraties verkose regering word gevestig onder leiding van Kasavubu as president en Patrice Lumumba as premier (multi-etniese ondersteuningsbasis, Afrika nasionalisties, wat aanvanklik nie by die VS of die USSR wil aansluit nie).
- Op 5 Julie 1960 kom die weermag in opstand teen Belgiese offisiere en rig hul aanvalle ook op Belgiese koloniste.
- België stuur bykomende troepe na Kongo om hul burgers te 'beskerm' (hoofsaaklik in die mineraalryke Katanga).
- Die troepe word nie deur die Kongolese regering verwelkom nie.
- 11 Julie stig Katanga af – Moise Tsombe (leier het Westerse steun)
- 12 Julie vra Kasavubu en Lumumba hulp van die VN.
- 14 Julie word die VN-resolusie, wat militêre hulp verleen, deurgevoer, maar is dubbelsinnig of mag gebruik kan word om Belgiese magte uit Katanga te verwyder.
- 15 Julie VN se internasionale vredesmag word na Kongo gestuur (insluitende kundiges in vervoer, gesondheid, administrasie, natuurlike hulpbronne) – misluk daarin om Belgiese magte te verdryf of die afskeiding van Katanga te beëindig.
- 8 Augustus resolusie van die Veiligheidsraad wat Amerikaanse troepe magtig om Belgiese troepe uit Katanga te verdryf.
- 12 Augustus kom VN-troepe Katanga binne om Belgiese troepe te verwyder, maar nie om afstigting te voorkom nie (Belgiese troepe verwissel blykbaar net van uniform en word ondersteun deur plaaslike inwoners, waarvan baie Belgiese koloniste is).
- Mislukking deur die VN om afskeiding te voorkom, lei daartoe dat Lumumba Moskou om hulp vra.
- Die Russe voorsien militêre toerusting aan Lumumba se regering wat hom in staat stel om 'n aanval op Katanga te loods.
- Die Amerikaanse regering (Eisenhower) magtig CIA geheime optrede – die doel is om direkte militêre konfrontasie met die USSR-personeel te vermy, maar om te voorkom dat hulle hul invloedsfeer uitbrei.
- Augustus 1960 kry Mobutu (hoof van die Kongo-weermag) finansiële en militêre steun van die VSA en die VN.
- Teen middel Augustus 1960 – Larry Devlin kry magtiging om Lumumba deur Mobutu te vervang, insluitende die moontlikheid van sluipmoord.
- Op 5 September kondig Lumumba en Kasavubu aan dat hulle mekaar afgedank het.
- 14 September neem Mobutu die bewind in 'n militêre staatsgreep oor.
- Hy ontslaan Kasavubu en Lumumba en skors die parlement.

IEB Copyright © 2021

- 1961 word Lumumba gevange geneem en vermoor (presiese rol van CIA hierin nog steeds onduidelik, maar min twyfel dat die CIA en die Belgiese weermag 'n belangrike rol gespeel het).
- Die burgeroorlog word gewelddadiger – aangespoor deur die opponerende partye in die Koue Oorlog.
- Mobutu word sterker en gewilder gedurende die burgeroorlogjare – 1961 tot 1965.
- Met die steun van die CIA neem hy op 24 November 1965 die mag in 'n tweede staatsgreep oor – raak ontslae van Kasavubu en neem algehele mag oor.

[Enige drie toepaslike punte. Leerders moet na interne en eksterne faktore verwys]

2.2 *Verskaf EEN bewysstuk uit die bron wat toon hoe Mobutu Seso Seko sy leerstelling van "egtheid" (authenticité) in die Kongo toegepas het.*

[VLAK 2]

- Hy dra 'n kenmerkende luiperdvelhoed.
- Die Kongo word herdoop na Zaïre.
- Mense word versoek om nasionale drag van sy ontwerp te dra.
- 'Joseph-Desire' word 'Mobutu Sese Seko Kuku Ngebendu wa za Banga'.

2.3 *Watter indruk skep die bron van Mobutu Seso Seko se impak op Zaïre? Verskaf TWEE aanhalings om jou antwoord te ondersteun.*

[VLAK 2]

Verwoestende impak:

- "Mobutu [het] 'n koers ingeslaan wat die voormalige Belgiese kolonie vinnig in chaos laat verval het"
- "Paaie, hawens, spoorweë, rivierbote, skole, hospitale en openbare geboue het in so 'n mate verval dat dit die nuwe regime baie jare sou neem om die gemors reg te stel."
- "Enige skyn van goeie regering of fiskale aanspreeklikheid is laat vaar toe Mobutu se makkers hul hande in die openbare koffers gesteek het en sy politieke teenstanders sinneloos onder mekaar gekibbel het."
- "In sy geboortedorp het hy 'n swierige paleis gebou, 'n ekwatoriale plesierkoepel met 'n casino, siertuine en 'n aanloopbaan lank genoeg om die Concorde wat hy van Air France gehuur het vir gesinsinkopies in Europa, te akkommodeer."

Positiewe impak:

- Sy implementering van "authenticité" in die Kongo
- "... die Kongo is tot Zaïre herdoop en mense is versoek om 'n nasionale kostuum van sy eie ontwerp te aanvaar."

[Verduideliking MOET beklemtoon dat artikel hoofsaaklik negatief is = 2 en enige twee toepaslike aanhalings = 4. MAAR as kandidaat 'n positief noem en 'n aanhaling verskaf om dit te ondersteun = Maks. 3 (1 vir stelling + 2 vir toepaslike aanhaling)]

IEB Copyright © 2021

2.4 *In watter mate is die skrywer bevooroordeeld teenoor Mobutu Seso Seko? Verduidelik jou antwoord met DRIE punte deur bewyse uit die bron te gebruik.*

[VLAK 6]
- Hy is hoofsaaklik bevooroordeeld teenoor Mobutu Seso Seko.
- Die uitsondering is die implisiete positief van sy poging om Zaïre te Afrikaniseer deur die leerstelling van "authenticité".
- Dit toon hom as 'n uitbuitende, selfsugtige man wat voordeel uit sy mense getrek het.
- Hy het die rykdom van die land gebruik om homself en sy vriende te verryk.
- Daar word gesê dat hy nie deur die mense gemis sal word nie – dit mag waar wees, maar is bewys van negatiewe vooroordeel.
- Gebruik emosiebelaaide taal om sy optrede in die Kongo te beskryf.

VRAAG 3 HUIDIGE KWESSIE IN DIE MEDIA

3.1 *Identifiseer hoe die Black Lives Matter-beweging van 2018 soortgelyk is aan die Burgerregtebeweging van die 1960's. Verskaf TWEE punte.*

[VLAK 2]
- Betrek jongmense as aktiviste.
- Soek gelykheid vir Afro-Amerikaners/swart Amerikaners.

3.2 *Na watter burgerregteveldtog of -optrede verwys ELK van die volgende beskrywings:*

[ALLES VLAK 2]

3.2.1 *"… kinders van skoolgaande ouderdom polisiehonde en brandslange getrotseer het …"*

Birmingham-betogings

3.2.2 *"… in hegtenis geneem is by slegs-blankes middagete-toonbanke …"*

Sitstakings van Greensboro

3.2.3 *"… studente toets segregasiewette by interstaat-busterminale …"*

Vryheidsryers of vryheidsritte

3.3 Identifiseer DRIE verskille tussen die Burgerregtebeweging en die Black Lives Matter-beweging.

[VLAK 3]
- BLM is deur drie vroue gestig.
- BLM het 'n ongestruktureerde leierskapmodel.
- BLM sluit alle genderidentiteite in.
- Interkonnektiwiteit van BLM.

[Enige drie]

IEB Copyright © 2021

3.4 *In watter mate ondersteun Charles McKinney die vergelyking tussen die Black Lives Matter-beweging en die Burgerregtebeweging? Ondersteun jou antwoord met bewyse uit die bron.*

[VLAK 6]

- In 'n sekere mate.
- Hy erken vergelykings met die verlede en beklemtoon die ooreenkoms met Black Power. Hy beskryf hulle as 'n '... uitbreiding van die evolusie ...'
- Hy is egter krities oor die beweging.
- Beskryf BLM as 'n "... jong organisasie ..." en waarsku daarteen om vergelykings met die vorige organisasies te tref.
- Hy beskryf hul leierskap as ongestruktureerd in vergelyking met dié van die Burgerregtebeweging.

IEB Copyright © 2021

AFDELING B BRON-GEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne in die Bronboekie en beantwoord dan die volgende vrae:

Verwys na Bron A

4. *Hoe impliseer Steve Biko die konsep van Black is Beautiful?*

[VLAK 2]
Steve Biko ontmoedig die nabootsing van witmense en sê dat dit die skepping beledig. Dit dui daarop dat swartwees pragtig is.
[Enige akkurate toepaslike interpretasie]

5. *Word daar in die bron gemeld dat die Swartbewussynsbeweging 'n politieke party was? Verskaf DRIE aanhalings om jou antwoord te ondersteun*.

[VLAK 6 en VLAK 4]
- Nee, die bron verklaar nie dat die Swartbewussynsbeweging 'n politieke party was nie.
- "Swartbewussyn is 'n gesindheid ..."
- "... 'n leefwyse ..."
- "... die swartman se besef dat hy saam met sy broers moet werk rondom die oorsaak van hul onderdrukking …"
- "Dit is gebaseer op die selfondersoek …"

[2 punte vir oordeel + 6 punte vir bewyse aangehaal]

Verwys na Bron B

6. *Waarom was daar 'n "politieke vakuum" in die 1970's? Verskaf bewyse uit die bron.*

[VLAK 2]
- Die ANC en PAC is verban.
- Daar was geen georganiseerde betogings deur bevrydingsbewegings nie.
- "verbode Kongresbewegings".

7. *Noem TWEE redes waarom hoërskoolleerders politieke leierskap in die 1970's kon vul.*

[VLAK 2]
- Sekondêre skole het 'n verenigende invloed gehad.
- Jongmense was geletterd en kon Biko se idees bestudeer, en dit het aanklank by die jeug gevind.
- Hulle het soortgelyke ervarings en griewe gehad.
- Energie, onafhanklikheid, jeug se geloof in hulself.

8. *Wat was volgens die bron die belangrikste invloed van Swartbewussyn op die jeug?*

[VLAK 2]
Dit het geloof in hulself of eenheid geïnspireer

IEB Copyright © 2021

Verwys na Bron C

9. *Noem DRIE metodes wat deur die Swartbewussynsbeweging gebruik is om idees onder skoliere te versprei.*

[VLAK 2]
- Sprekers spreek skoliere in die kerk toe.
- Skoliere deur die werk van instansies en jeugklubs georganiseer.
- Hou seminare.

10. *Het die Swartbewussynsbeweging 'n positiewe invloed op die jeug gehad, volgens die bron? Ondersteun jou antwoord met DRIE bewysstukke.*

[VLAK 4 en VLAK 6]
- Ja, die Swartbewussynsbeweging het 'n positiewe invloed gehad.
- "... positiewe herontwaking onder jongmense"
- Jong denke verskuif na 'n kritiese bewustheid van kwessies wat hulle geraak het.
- Skoliere het 'n positiewe selfbewussyn begin steun met slagspreuke wat die positiewe selfbeeld beklemtoon/Swart is mooi/swart en trots

Verwys na Bron D

11. *Wat beskou Nyanisile Jack as die hoofoorsaak van die Soweto-opstand in 1976?*

[VLAK 2]
Afdwing van Afrikaans

12. *Hoe betroubaar is die bron vir 'n historikus wat die oorsake van die Soweto-opstand in 1976 bestudeer?*

[VLAK 6]
Om volpunte te behaal moet verwys word na oorsprong, bedoeling en vooroordeel/beperkings in die bron. Waarde word nie vereis nie.
- In 'n mate betroubaar of betroubaar met sekere beperkings.
- Uittreksel is afkomstig van Nyanisile Jack, wat deelgeneem het aan die opstand, dus 'n ooggetuieverslag van gebeure, en derhalwe 'n primêre bron van inligting.
- Onderhoud wat agterna gegee is en Jack kan selektief wees in sy onthou van gebeure en oorsake, subjektiewe inligting, dus bevooroordeelde inligting (toepaslike aanhaling om vooroordeel te toon).
- Die bedoeling van die bron blyk 'n herinnering aan gebeure te wees.
- Onderhoudvrae word nie ingesluit nie, dit is 'n beperking.
- Verwerkte bron, seleksie kan belangrike inligting uitsluit, dit is 'n beperking.
- Betroubaar deurdat Jack deel was van die beweging, maar dis slegs een perspektief van die gebeurtenis en die oorsake daarvan.

IEB Copyright © 2021

Gebruik hierdie rubriek in samehang met die bogenoemde riglyne.

5–6	**Evaluering / beperking en vooroordeel** Begryp die bron/erken beperking/fokus op oorsprong en bedoeling en erken vooroordeel om af te lei dat die bron beperkte betroubaarheid het. Moet aanhaal/verwysing na vooroordeel in die bron gee **of** vooroordeel van oorsprong en publikasie om met 6 punte gekrediteer te word.
3–4	**Analise en beperking** Toon vermoë om die bron te begryp/erken oorsprong en/of bedoeling en vae vermelding van die beperking van die bron as dit alleen gebruik word/geen poging om die bron te evalueer nie (vooroordeel, ens.)
1–2	**Begrip** Beskryf die inligting wat van die bron verkry is/slegs in staat om die bron te begryp, maar geen poging om die bron self te evalueer nie (beperkte bespreking van oorsprong of bedoeling).
0	Geen poging om vraag te beantwoord nie.

Verwys na Bron E

13. *Noem DRIE ander faktore as Swartbewussyn wat die Soweto-opstand van 1976 geïnspireer het.*

[VLAK 2]
- Werkers se stakings in Durban in 1973.
- Val van die Portugese regimes in Angola en Mosambiek.
- Suksesse van weerstandsbewegings in die oorlog in Rhodesië.

14. *Het die Swartbewussynsbeweging slegs skoliere beïnvloed? Ondersteun jou antwoord met TWEE bewyse uit die bron.*

[VLAK 4 en VLAK 2]
- Nee, want die ondersteuners kom ook uit universiteite.
- "... van die jonger onderwysers ... kom van die etnies verdeelde kampusse van Fort Hare en die Universiteit van die Noorde, waar hulle ... SASO ... gestig het"
- Jong professionele persone (onderwysers) het 'n groot invloed op opkomende skolier-organisasies gehad wat in skole gestig is.
- SASM is as 'n skoolgebaseerde tak van SASO beskou.

[2 punte verduideliking + 4 vir twee bewyse]

Verwys na Bron F

15. *Verskaf DRIE leidrade van die plakkaat wat die beginsels van Swartbewussyn toon.*

[VLAK 2]
- Breek kettings of boeie.
- Uittarting/mag: hande in die vorm van vuiste.
- "Solidariteit" en "Een Azanië Een Nasie".

[Enige drie]

IEB Copyright © 2021

16. *Hoe nuttig is hierdie plakkaat vir 'n historikus wat Steve Biko bestudeer? Jou antwoord moet uit DRIE punte bestaan.*

[VLAK 6]

- Historici kan aflei dat hy 'n leier in die gemeenskap was, aangesien hy die president van die Black People's Convention was.
- Hy is dood soos die plakkaat 'huldeblyk aan wyle ...' aandui
- Hy was gewild omdat ondersteuners 'n plakkaat van hom gemaak het vir sy begrafnis.
- Historici kry 'n visuele beeld van hoe Steve Biko lyk en waarvoor hy gestaan het.
- Hy is met eenheid en vryheid geassosieer.

5–6	**Analise en beperking** Toon vermoë om die bron te verstaan/erken die bruikbaarheid en illustreer waarom inligting nuttig is.
1–4	**Begrip** Beskryf die inligting wat van die bron verkry is, maar toon nie hoe dit nuttig is nie.
0	Geen poging om vraag te beantwoord nie.

Verwys na Bron F en Bron G

17. *Ondersteun Bron F dit wat die apartheidsregering volgens Bron G gevrees het? Verduidelik jou antwoord met bewyse uit ALBEI bronne.*

[VLAK 6 en VLAK 5]

- Ja, want die plakkaat dui op eenheid en solidariteit tussen swartmense teen onderdrukking.
- Die plakkaat toon gebreekte kettings en die woorde Een Azanië Een Nasie asook Solidariteit.
- Die apartheidsregering het alles in sy vermoë gedoen om alliansies tussen groepe te vernietig, en was bang dat die Swartbewussyns-beweging Indiër- en bruin groepe sou lok. Dit was die bangste vir die eenheid van versetgroepe.

Verwys na Bron G en Bron H

18. *Hoe verskil hierdie bronne in hul interpretasie van die belangrikheid van Swartbewussyn vir die bevrydingstryd in die 1970's? Jou antwoord moet uit DRIE punte bestaan.*

[VLAK 5]

- Bron G verklaar dat die Swartbewussynsbeweging daarin kon slaag om weerstandsbewegings te verenig en Bron H verklaar dat die Soweto-opstand nie daarin kon slaag om mense te verenig nie.
- Bron G verklaar dat die Swartbewussynsbeweging die Soweto-opstand begin het wat na stedelike gebiede van die land versprei het, en Bron H verklaar dat 'n ware rewolusionêre stryd nie deur Swartbewussyn en die Soweto-opstand gebou is nie.
- Bron G gee erkenning aan Swartbewussyn vir massabewegings. Bron H gee erkenning aan militante werkers en die stakings in 1973 en nie Swart-bewussyn nie.

IEB Copyright © 2021

19. *Vind 'n geskiedkundige konsep in Bron G of H wat die beste by elkeen van die volgende definisies pas. Skryf slegs die geskiedkundige konsep neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)*

[ALLES VLAK 2]

19.1 *'n Politieke stelsel het in 1948 in Suid-Afrika begin wat mense sosiaal, ekonomies en polities geskei het op grond van ras.*

Apartheid

19.2 *'n Hegte verhouding of vennootskap tussen politieke of sosiale groepe, gebaseer op soortgelyke doelstellings of beginsels.*

Alliansie

19.3 *'n Beweging wat daarop gemik is om groot verandering in die samelewing te veroorsaak.*

Revolusionêre/Militante mobilisering

19.4 *Die burgerlike samelewing neem op groot skaal aan protesaksies deel.*

Massa-optrede

19.5 *Wanneer groot getalle werkers ophou werk tydens protesaksie.*

Stakings

19.6 *Die toestand waar jy om politieke redes uit jou land verban word.*

Ballingskap

IEB Copyright © 2021

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

Gebruik Bron A tot H in die Bronboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:

In watter mate was die Swartbewussynsbeweging verantwoordelik vir die Soweto-opstand in 1976?

Maak seker dat jy die bronne gebruik wat verskaf word om jou argument te formuleer en onthou om na die bronne te verwys deur letters te gebruik.

[VLAK 2, 3, 4, 5 en 6]

Hierdie opstel word holisties nagesien deur die IEB se brongebaseerde opstelrubriek met die memorandum as riglyn.

- Kandidate kan redeneer dat die Swartbewussynsbeweging in 'n **groot mate** verantwoordelik was vir die Soweto-opstand van 1976, aangesien die Swartbewussynsbeweging die ideologie, motivering tot vereniging, selfbewussyn en selfvertroue verskaf het om onderdrukking uit te daag. Dit was die dryfveer vir die aktivisme van 1976. Die Swartbewussynsbeweging het ook die infrastruktuur geskep deur organisasies wat die jeug gehelp het om aktivisme te verwesenlik en was sterk gefokus op universiteite en skole waar die opstand ontstaan het.
- Ander faktore soos die onmiddellike beleid van Afrikaans, polisiegeweld, militante werkers en stakings sowel as bevryding in Mosambiek, Angola en sukses in Rhodesië was in 'n **mindere mate** verantwoordelik..

OF

- Kandidate kan redeneer dat die Swartbewussynsbeweging in 'n **mindere mate** verantwoordelik was vir die Soweto-opstand van 1976. Die Swartbewussyns-beweging het die ideologie, motivering tot vereniging, selfbewussyn en selfvertroue verskaf om onderdrukking uit te daag. Die Swartbewussyns-beweging het ook die infrastruktuur geskep deur organisasies wat die jeug gehelp het om aktivisme te verwesenlik, en dit was op universiteite en in skole waar die opstand ontstaan het.
- Ander faktore soos die onmiddellike beleid van Afrikaans, gedeelde skoolervaring, polisiegeweld, militante werkers en stakings, sowel as bevryding in Mosambiek, Angola en sukses in Rhodesië, was egter in 'n **groter mate** verantwoordelik vir die Soweto-opstand omdat dit die onmiddellike oorsake verskaf het. Swartbewussynsbeweging was 'n ideologie wat gevolg is, maar het nie die Soweto-opstand ontketen nie.

IEB Copyright © 2021

BRON	SWARTBEWUSSYNSBEWEGING VERANTWOORDELIK	SWARTBEWUSSYNSBEWEGING NIE VERANTWOORDELIK NIE
	Fokuswoorde: Groter/mindere mate	**Fokuswoorde: Mindere/groter mate**
A	**Verskaf die ideologie van aktivisme en eenheid nodig om massaoptrede te begin** "... die swartman se besef dat hy saam met sy broers moet werk rondom die oorsaak van hul onderdrukking …" "… om as 'n groep op te tree om hulle van die boeie wat hulle bind, te bevry"	
B	**Skoliere wat die Soweto-opstand gereël het, was ontvanklik vir Swartbewussyn. Dit het hulle tot aksie aangespoor omdat ANC en PAC verbied was** "Hoërskole ... was ontvanklik vir die Swartbewussynsideologie ... Skoliere, met energie en onafhanklikheid, en gevul met 'n selfoortuiging geïnspireer deur Swartbewussyn, het die politieke vakuum beset wat deur die verbode Kongresbewegings gelaat is."	**Skoolomgewings en algemene ervaring het optrede by skoliere aangemoedig** "Teen die middel van die 1970's was hoërskoolleerlinge in 'n unieke posisie om politieke leierskap in Soweto te aanvaar. Sekondêre skole ... het 'n verenigende invloed gehad. Hulle het op groot skaal geletterde jeugdiges met soortgelyke ervarings en griewe saamgetrek."
C	**Swartbewussynsbeweging het selfvertroue geïnspireer om massa-aksies in Soweto te organiseer en het jeuggroepe geïnspireer** "… Die Jong Vroue Christelike Vereniging (YWCA) het 'n positiewe herontwaking onder jongmense moontlik gemaak. Dit was opwindend om te luister na mense soos ... Bro Tom Manthata van die Black People's Convention …" "… (SASO) leiers wat studente georganiseer het deur die werk van instellings soos die YWCA en seminare gehou het oor die politieke en sosiale kwessies van die dag." "As gevolg van hierdie seminare het jeugdenke meer en meer begin beweeg na 'n kritiese bewustheid wat gevorder het tot en gekoppel is aan die filosofie van Swartbewussyn ..." "… ek [is] blootgestel aan seminare My skoolboeke het slagspreuke soos 'Swartman, jy is op jou eie', 'Swart en trots', 'Black is beautiful' op gehad."	
D		**Afrikaansbeleid van regering het Soweto-opstand veroorsaak** "… die belangrikste of onmiddellike kwessie [was] dié van die afdwing van Afrikaans. Jy moes die helfte van jou kursusse in Afrikaans doen; uit ses vakke moes die helfte in Afrikaans gedoen word en die res in Engels. Dié besluit was 'n belediging, deur die Pretoriase regering vir die studente wat hulle [die studente] nie kon neem nie, en daarom het hulle deur vergaderings, ensomeer, begin protesteer. Dit was hoofsaaklik in Soweto." **Polisiegeweld het tot opstand gelei** "… die polisie [het] met vuurkrag gereageer. En daardie hele ding het sogenaamde 'opstand' aangevuur."

IEB Copyright © 2021

E	**Swartbewussynsbeweging-organisasies het die optog help organiseer** "… Suid-Afrikaanse Studente-organisasie … was gebaseer op die filosofie van Swartbewussyn en is met Steve Biko verbind. Hierdie jong professionele persone het 'n groot invloed gehad op opkomende studente-organisasies soos die South African Student's Movement (SASM), wat in skole gestig is." "Party uitsprake verwys selfs na die SASM as 'n skoolgebaseerde tak van SASO. Uitsprake van die SASM en die SASO het die toenemende opgewondenheid weerspieël wat jong swartmense ervaar het …"	**Ander faktore buite Swartbewussyns-beweging het skoliere beïnvloed om die Soweto-opstand te organiseer** "… geïnspireer deur die werkers se stakings van 1973 in Durban, die val van die Portugese regimes in Angola en Mosambiek in 1975, en die suksesse van versetbewegings tydens die oorlog in Rhodesië …"
F	**Plakkaat weerspieël die eenheid deur Biko geïnspireer en die behoefte aan aktivisme geassosieer met die Soweto-opstand nadat dit plaasgevind het** Solidariteit Een Azanië Een Nasie Breek kettings	
G	**Swartbewussynsbeweging verantwoordelik vir Soweto-opstand omdat dit in 1976 eenheid tussen groepe en aktivisme by jeugdiges om in opstand te kom, geskep het** "Die African National Congress (ANC) was vanweë sy ballingskap nie in 'n posisie om 'n massa-opstand van stapel te stuur soos wat die Swartbewussynsbeweging in die Soweto-opstand van 1976–1977 gedoen het nie, en wat vinnig versprei het na al die stedelike gebiede van die land" "… die felheid van die jeugweerstand en die tempo waarteen dit versprei het na feitlik al die swart townships in 1976–77 ..." "Dit was verder kommerwekkend dat die Swartbewussynsbeweging die militante studente en jeugdiges uit die Indiër- en bruin gemeenskappe gelok het."	
H		**Werker-militantheid en stakings verant-woordelik vir Soweto-opstand** "Die invloed van Swartbewussynidees en die African National Congress word oordryf." "Die sentrale oorsaak van die opstand was die toename in werker-militantheid." "… Die stakings in 1973 het aan Suid-Afrikaners getoon wat met massa-aksie en konfrontasie bereik kon word."

Totaal: 200 punte

IEB Copyright © 2021